# PSALM 9

```
            D               G      A
1.      Ek sal van ganser hart, Yahweh,
           D                   E     A
        U wonders groot maak en U eer.
            D             G    A
        Ek sing omdat ek in U bly is,
              D             G    A  D
        aan wie my lofsang toegewy is.

            D               G      A
2.      As Regter 't U die troon bestyg,
           D              E      A
        U het die heidendom gedreig;
            D               G     A
        sodat die sondaars uitgedelg is
              D                G      A  D
        en daar van hul geen stam of telg is.

            D           G     A
3.      Die vyande het omgekom;
            D            E    A
        hul stede is nou stil en stom,
            D                G       A
        kliphope waar geen pad of spoor is,
              D             G       A  D
        dis al wat van hul grootheid oor is.

            D               G      A
4.      Maar bo wat wissel en vergaan,
           D                 E        A
        bly ewig Yahweh's rykstroon staan.
            D             G     A
        Hy vel Sy vonnis uit die wolke,
              D            G     A   D
        regverdig oordeel Hy die volke.

            D               G    A
5.      Dié hart van hul wat U bely,
           D                 E     A
        sal in U Naam standvastig bly.
            D              G     A
        Dié wat U soek in stil vertroue,
           D          G    A   D
        is by U veilig en behoue.
```

```
       D                   G       A
6.     Besing Hom wat op Sion troon,
     D                     E        A
       vertel Sy roem waar volke woon!
          D                      G          A
       Geen bloedskuld waar Hy nie van weet nie,
         D                 G         A   D
       of hulpgeroep wat Hy vergeet nie.

       D                G       A
7.     Bewys aan my genade weer
     D                E     A
       en sien op my ellende neer.
       D                  G        A
       U, wat my aan die dood ontruk het,
         D                 G       A   D
       kyk hoe my haters my verdruk het!

       D                       G      A
8.     Dan vind my tong weer nuwe stof,
     D                  E     A
       in Sions poort meld ek U lof.
       D                  G     A
       Dan sing ek bly van U genade,
         D              G         A   D
       so groot in nuwe reddingsdade.
```